# Tafnuus: Julie 2026

## Beste Tafelberg-Fotografieklub

Wintermaande is dikwels die tyd wanneer fotograwe hul toerusting inpak en met vakansie gaan of reis. Veilig reis en onthou om ook die klein dingetjies te geniet.
Ken jou kamera aangebied deur Fritz van Zyl is goed bygewoon en het die waarde om met jou kamera te speel en sy beperinge en verstellings goed te bemeester beklemtoon.

**Uitstappie geleentheid na Mosterd se Meul, Rhodes Memorial en die ou dieretuin het heelwat goeie fotografie geleenthede geskep. Dankie aan Theo Potgieter vir die entoesiasme waarmee hy reelings tref.**

1. **WEN-FOTO'S van Julie 2026. Hartlik geluk aan die wenners. KATEGORIE Troeteldiere, beoordelaar Andre de Koker:**

Dankie aan Andre de Koker vir sy insette en goeie bondige terugvoer!!!

| | |
|---|---|
|  |  |
| **The Team: Niel Goslett**<br>**Wenner: vaste kategorie** | **Agility: Christo Giliomee**<br>**Naas wenner vaste kategorie** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Trapsuutjie: Sonja Myburg**<br><br>**Wenner: Oop kategorie** | **Pink Skies: Christo Giliomee**<br><br>**Naas wenner: Oop kategorie** |
| **Beneath a restless sky : Jean Rheeder**<br>**Junior Wenner** |  |

## 3. Augustus 2026: BYEENKOMSTE

- Die maand se klubkompetisie is die **<u>18de Augustus</u>** en die sluitingsdatum vir inskrywings is die **<u>12de Augustus.</u>** Die byeenkoms gaan slegs geZoom word.
- **Yvette Jordaan** wat laas jaar ons kosfotografie vaardigheid aangebied het is ons Augustus beoordelaar, sy het 'n besonderse aanleg en 'n lieflike vermoe om lig en emosie vas te vang.
- **<u>Kompetisie Tema vir Augustus</u>**: **<u>Kosfotografie</u>**. **<u>Manipulasie word toegelaat, fotos nie ouer as twee jaar vanaf kompetisie datum vir vaste kategorie.</u>**

- **<u>Vaardigheid. 4de Augustus</u> : <u>Travel photography deur Martin Dudley Barber</u>. Dinsdag aand slegs aanlyn via Zoom aanbieding om 19h00. Moet dit nie misloop, Martin is 'n uitstaande fotograaf en sy aanbiedings is van hoogstaande gehalte!!**

  **Uitstappie in Augustus : Ballet finale tye later beskikbaar in Augustus.**

- **Wes Kaap fotografie forum mini kongres:** Onthou om te bespreek vir die naweek van die 4de tot 6de September 2026. Ons het nie 'n eie weg naweek die jaar en ondersteun graag die Tulbagh naweek waar daar ook 'n interklub kompetisie gaan wees. Taf is deel van die reelingskomitee. Quintus Heine is die voorsitter.

- **PSSA kongres in Port Elizabeth 28ste September tot die 1 ste Oktober bespreek op PSSA se web tuiste.**
- https://pssa.co.za/2026-pssa-national-congress/

## 3. KLUB PRESTASIES:

**Uitslae van PSSA Salonne:**

**Welgedaan aan onderstaande lede met pragtige prestasies. Ons is tans 4de op klub vlak in die land, en eerste in die Wes Kaap!!! Wel gedaan Taffies! Doen so voort. Daar kan nog veranderinge plaas vind.**

*dui lede aan waar Tafklub nie hul hoofklub is nie of aanvaardings punte na 'n ander klub gaan.

| **Naam** | ***TAF 15th print salon*** |
|---|---|
| Mike Barkhuysen | 1 |
| Neels Beyers * | 1 |
| Amanda du Toit | 3 |
| Christo Giliomee | 5 |
| Niel Goslett | 4 |
| Quintus Heine | 5 |
| Juliane van Dyk | 9 1 Meriete |
| Adriaan v Zyl | 8 2 Merietes |
| Karen v Zyl | 5 |
| Mariana Visser | 4 2 Merietes |
| Arnold van Dyk | 5 1 Meriete |
| Sonja Myburgh | 4 1 Meriete |
| Theo Potgieter | 2 |
| Eurica Scholtz | 2 |

**4. Laastens:** Mag die res van die koeler maande vir julle tyd bring vir rus, refleksie en nuwe inspirasie. Ons sien uit na ons besige skedule die komende maande en is dankbaar vir elkeen se bydrae en betrokkenheid by Tafklub.

Vriendelike Groete

Juliane van Dyk